

'n Praktiese preek voor die verkiesing

Verantwoordelike burgerskap en verantwoordelike verkiesings



Verwelkoming

Votum: Eie keuse

Sang: NIB 190: 1-3

Oomblik van verootmoediging

Liewe gemeente, ons weet en besef maar alte goed dat SA en eintlik die hele wêreld 'n baie onseker tyd beleef. Dit is nie vreemd aan die geskiedenis nie. Tye soos hierdie roep egter om stille nadenke en ook selfondersoek. Ons gaan vandag vir 'n oomblik stilstaan by die naderende verkiesing. Eers wil ons egter net stil word en werklik bewus word van die heilige teenwoordigheid van God. Kom ons rig ons gedagtes op Hom.

Gebede om saam te bid

Vader,

ek voel vir seker te klein en onbevoeg om enigsens te dink dat ek in die toekoms as 'n leier sal kan optree.

Daar is dinge, plekke, mense en situasies waarvoor ek doodgewoon te bang is.

As ek kyk na die komplekse wêreld waarin ons leef draai my kop eenvoudig vas.

Ek sien die verskriklikste armoede én die hope geld.

Ek sien mense wat hul doodwerk, en ander wat doodgaan omdat hulle nie werk het nie.

Ek sien 'n wêreld wat groter raak en kleiner word.

Ek sien 'n wêreld waarin grense verdwyn en haat groei.

Ek sien 'n wêreld waarin die mediese wetenskap ontplof, maar mense al sieker word.

Ek sien 'n moeë, moedelose wêreld waarin die ligte afgeskakel word en mense vergeet waar die skakelaar sit.

Here,
Help my om te sien wat ek moet sien.
Help my om self gesond te bly in dié wêreld.
Help my om mense en standpunte bymekaar te bring wat oënskynlik nie bymekaargebring kan word nie.
Help my om met innerlike krag, karakter en standvastigheid in hierdie brose tyd te lewe.
Ek bid dit uit genade alleen.

AMEN.

Lees Skrifgedeeltes

Boodskap

Ons het lanklaas so 'n VUCA-tyd beleef soos nou. Vir diegene wat die term nie ken nie. Dit staan vir:

Volatile
Uncertain
Complex
Ambiguous

Net die onlangse peilings oor die komende verkiesing wys dit. Terwyl dit wil voorkom of die ANC se steun daal dui voorspellings daarop dat die ANC enige iets tussen 38% en 52% kan kry. Hierdie 14% afwyking is te groot om enige sekere voorspellings te waag. Wat ons wel weet is dat daar al hoe meer honde baklei om dieselfde been. Dinge kan rof raak omdat die parlement vir baie mense 'n bron van inkomste geword het, waarsonder hulle nie kan klaarkom nie.

Nog 'n onseker vraag is watter koalisies na die verkiesing die lig gaan sien? Ons weet nie regtig nie en dit is ook nie ons taak om hier kristalbal voorspellings te waag nie.

Wat ons hoop en bid is dat dit 'n vrye, regverdige en bo-alles 'n vredevolle verkiesing wees.

Voor ons verder gaan laat ons eers 'n paar punte duidelik stel:

1. Hierdie is nie 'n diep eksegetiese analise van tekste wat ons op die verkiesing wil "afforseer" nie. Dit is 'n gelowige, praktiese teologiese kyk na wat voorlê en wat ons roeping in die alles is.
2. Die kerk kan nie by partypolitiek betrokke raak nie, maar moet relevante vrae vra oor watter politieke orde AL die mense van ons land ten beste sal dien.
3. Gewoonlik eindig preke (soos Paulus in sy briewe gedoen het) met praktiese wenke NA die teoretiese uitgangspunte op die tafel gesit is. Vandag wil ons dit so 'n bietjie anders doen. Kom ons begin sommer deur dadelik 'n paar praktiese wenke vir gemeentes oor die komende verkiesing op die tafel te sit.

- Mense moet gaan stem! Dit is burgerlike voorreg en verantwoordelikheid. Daar is “n uitdrukking wat sê dat kiesers die regering kry wat hulle verdien. Laat ek byvoeg. Soms kry hulle wat hulle verdien wanneer hulle NIE gaan stem nie.
- Ons (gemeentes) moet mense help om te gaan stem. Ons kan help met vervoer van bejaardes, inligting en veel meer. Dit kan “n wonderlike geleentheid van samesyn wees. Ek verstom my altyd oor die vrolikheid (musiek en veel meer) wat op stembdag by stembusse in armer dele van ons land heers.
- Ons moet mense help om ingeligte, waardegedrewe stemme uit te bring! (Daarom die boodskap).
- Ons moet BID, gereeld en aanhoudend bid vir ‘n vredevolle regverdige verkiesing.
- Ons kan onself as monitors laat registreer en as monitors diens doen. Ons gaan duisende nodig hê om van hierdie ‘n eerlike en regverdige verkiesing te maak.
- Meer analiste sê dat omdat daar soveel arm mense in SA is daar te veel kiesers is wat te min belang in ‘n stabiele samelewing het. “They don’t have enough skin in the game” Dit maak dat hulle baie maklik omkoopbaar en manipuleerbaar is. Hulle gee nie veel om vir ‘n stabiele orde nie omdat hul lewe al klaar so onstabiel is! Daarom is die verkiesing nie ‘n tyd om terug te sit nie. Dit is ‘n tyd om aan te gaan met ons daaglikse roeping, ook as verantwoordelike burgers van die land. Ons moet voortgaan om by ons gemeenskappe betrokke te wees, hard te werk en te leef of daar beslis nog ‘n lewe na die verkiesing gaan wees.

Maar kom ons staan vir ‘n oomblik stil by wat dit sou beteken om ‘n waardegedrewe stem uit te bring. ‘n Paar beginsels kan somer hier aan die begin genoem word.

1. Ons stem vir partye met eerlikheid en integriteit. Ons weet dat politiek maar morsig kan raak, maar ten minste moet ons vra waar ons die grootste mate van eerlikheid en integriteit kan vind. ALLE partye moet in hierdie opsig deur die burgerlike samelewing verantwoordbaar gehou word.
2. Kyk na partye se OPTREDE en vra jousef of hulle die REG in standhou (Rule of Law) en of al meer MAG (Rule of Power) najaag?
3. Vra jousef af watter party die grootste moontlike hoeveelheid leierskap- en bestuurskapasiteit na die tafel bring. ‘n President kan nie alleen die land regeer nie.

Maar kom ons vra nou ook ‘n paar vrae: Dink teologies oor die politiek, maar vra jousef dan die volgende vraag. Verkondig die partye se manifeste ‘n teologie van barmhartigheid (Mercy) of ‘n teologie van geregtigheid (Justice)?

Dalk het ons albei nodig, maar barmhartigheid alleen skep nie volhoubare oplossings nie. Konkreet gestel. Die vraag is nie watter beleid aan mense gaan kos gee nie, maar watter beleid mense ten beste gaan help dat mense selfvoorsienend raak en in staat is om hulle eie kos te bekom.

- Het ons dus ‘n sokombuis-beleid of ‘n werkverskaffings- en bemagtigingsbeleid?
- Sien ons welsynsgroei of ekonomiese groei?
- Sien ons ‘n groei in afhanklikheid of ‘n groei in opvoeding en vaardighede?

Daar is egter 'n verdere vraag: Is die party waarvoor jy stem regtig ernstig oor herstellende geregtigheid?

Dit bly vir ons 'n sensitiewe vraag om te vra. Kom ons kom vir 'n oomblik terug na een van ons gelese gedeeltes. Miga 2:9

“Julle verdryf vroue uit die huise waaraan hulle verknog is en ontnem hulle kinders die waardigheid wat hulle van god ontvang het” (Vry vertaal n.a.v. 2020 vertaling).

Ons mag vir geen oomblik vergeet dat ook hierdie verkiesing afspeel teen die agtergrond van 'n lang en pynlike geskiedenis in Suid-Afrika nie. Daardie geskiedenis gaan steeds voort en baie onreg word steeds vandag gepleeg. Die verlede en die hede se onreg moet egter op verantwoordelike wyse reggemaak word. Dit gaan wysheid en insig vra van mense wat kan uitstyg bo selfbelang! Dit is 'n onafgehandelde taak en vra geloofsmoed. Dit is ook nie 'n vraag wat vinnig en maklik in een preek afgehandel kan word nie, maar roep dalk om dieper gesprek in ons gemeente.

Dit is 'n vraag wat mense makliker Antwoord as jou identiteit en sekerhede diep gewortel is in Jesus Christus. Die eerlike Antwoord van hierdie vraag duld nie goedkoop politieke retoriek nie. Dit kyk diep eerlik en selfondersoekend na dit wat gister vandag en more op die tafel is.

Paulus Rom. 13 en 1 Tim 2:1-2

Dit is belangrik om te onthou dat die “owerhede” van Paulus se tyd anders gelyk het as vandag. Wat ons vandag as nasionale owerhede sien was in daardie gesetel in konings en koninkryke wat oor groot gebiede geheers het. Daar was egter ook religieuse en ander plaaslike owerhede. Paulus maak egter 3 belangrike punte:

God stel owerhede daar om te sorg dat daar goeie orde en welsyn in die lewens van mense is. Soms het daar inderdaad dekades verbygegaan waar “slegte” owerhede geheers het. Geen owerheid regeer vir ewig nie. Dit bewys die geskiedenis! Geen individu kan egter sommer alleen besluit aan wie hy of sy gehoorsaam wil wees en wat hy of sy wil doen nie. Dit veroorsaak nog groter chaos en anargie. Dit het ons onlangs weer in Haïti gesien.

Elke individu of burger het ook 'n verantwoordelikheid teenoor die staat. Ons noem dit burgerlike gehoorsaamheid in ons dag. Die vraag na burgerlike ongehoorsaamheid is 'n geldige vraag, maar kan weereens nie eensydig beantwoord word nie. Daarom is iets soos belasting iets wat eerlik betaal moet word en slegs in die uiterste omstandighede weerhou kan word.

Ten slotte lyk dit vir my of Paulus ons ernstig vermaan om vir die owerhede (lees verkiesing) te bid. Ook vir die politici van wie jy nie hou nie. Dit is een van daardie lastige opdragte wat aan Christene gegee word, maar wat van die Christelike geloof so uniek maak.

Laaste oor die pad vorentoe...

Suid-Afrika se lang reis op pad na 'n ware nuwe SA eindig nie op 29 Mei nie. Dit kan wel 'n belangrike oomblik in ons geskiedenis wees. Wat moet die kerk se grootste rol op hierdie reis wees?

Waarskynlik om te werk aan 'n een, versoende gemeenskap voor, tydens en veral NA die verkiesing. 'n Groot deel van die konflik en verdeelheid wat ons in plaaslike regerings sien, spuit uit die konflik en verdeeldheid wat ons in plaaslike gemeenskappe sien. Die regering word dan net 'n spieëlbeeld van die gemeenskap. 'n Verdeelde kerk baar verdeelde gemeenskappe wat weer verdeelde regerings tot gevolg het.

Daar lê vir ons baie harde werk voor. Kom ons begin egter deur mense te groet. Werklik saam te dink oor wat gedoen kan word om 'n gemeenskap te verenig.

Ten diepste behoort ons die vraag te vra wie ons as 'n gemeenskap ten diepste is. Wat is ons ware identiteit?

'n Eens wit gemeenskap wat nou op die kantlyn gaan staan het, terwyl ander oor die toekoms stry en besluit?

- 'n Dominante swart gemeenskap waar ander bywoner status geniet?
- 'n Gemeenskap van koalisies wat by die dag verander en dus baie vloeibaar is?
- 'n Gemeenskap wat staatkundig een is maar in feite in 3 of 4 verskillende wêreldes lewe?
- 'n Gemeenskap wat (kulturele) diversiteit erken, maar ook omarm en vier?
- 'n Gemeenskap wat hul diepste identiteit in Christus vind, radikaal vanuit ons Christelike etos oor die toekoms dink en daardie Christelike etos in ons gemeenskappe waarmaak. Verleer hoe ons teenoor mekaar optree en hoe ons saamleef!

Gebed

Oomblik van stilte... Aansteek van vredeskers

Geloofsbelydenis

Sang. Loflied: NLB 275: 1-5

Seëngroet

Die Here sal jou seën en jou behoed; die Here sal Sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees; die Here sal Sy aangesig oor jou verhef en aan jou Sy vrede gee. **AMEN**

